Stap-vir-stap instruksies vir ouers

Moenie bekommerd wees nie — dit is makliker as wat dit klink. Volg hierdie stappe een vir een, en jy sal binne ’n paar minute klaar wees.

VOORDAT JY BEGIN, HET JY NODIG

- ’n Google-rekening (as jy Gmail gebruik, het jy reeds een)
- Jou kind se video op jou foon of rekenaar
- Sowat 10–15 minute

OP ’N REKENAAR

1. **Gaan na YouTube**
   Maak jou internetblaaier oop, gaan na **youtube.com** en teken in met jou Google-rekening.

2. **Begin oplaai**
   Soek die kamera-ikoon met ’n **+**-teken regs bo op die skerm. Klik dit en kies **‘Upload video’**.

3. **Kies die video**
   Soek jou kind se video op jou rekenaar en klik dit om te kies.

4. **Gee ’n titel**
   Terwyl die video oplaai, tik jou kind se **naam, van, afdeling, graad en provinsie** as titel.
   Voorbeeld: Hanlie van der Merwe, Afdeling A, Onervare, Gr 5, Gauteng

5. **Stel sigbaarheid — belangrik**
   Soek die afdeling **‘Visibility’**. Jy sal drie opsies sien. Kies uitsluitlik die middelste een: **‘Unlisted’** (sien die tabel hieronder).

6. **Publiseer**
   Klik die **‘Publish’**-knoppie. Wag vir die sirkel om klaar te draai — dan is jou video opgelaai.

7. **Kopieer die skakel**
   YouTube wys vir jou ’n skakel soos **https://youtu.be/xxxxxxxx** — kopieer dit.

8. **Stuur die skakel in**
   Stuur die skakel via die **unieke persoonlike epos-skakel** wat KANSVATTER vir jou gestuur het — voor jou provinsie se sperdatum.

OP ’N SLIMFOON

1. **Maak YouTube oop**
   Maak die YouTube-toepassing oop en teken in.

2 **Begin oplaai**
Tik op die **+**-ikoon onderaan die skerm en kies **‘Upload video’**.

3 **Kies die video**
Kies jou kind se video uit jou fotogalery.

4 **Gee ’n titel**
Tik jou kind se **naam, van, afdeling, graad en provinsie** as titel.
Voorbeeld: Hanlie van der Merwe, Afdeling A, Onervare, Gr 5, Gauteng

5 **Stel sigbaarheid**
Tik op **‘Visibility’** en kies **‘Unlisted’**.

6 **Laai op en stuur in**
Tik **‘Upload’**, wag vir dit om klaar te laai, kopieer die skakel en stuur dit via jou **unieke persoonlike epos-skakel** wat KANSVATTER gestuur het.

WATTER SIGBAARHEID-INSTELLING MOET EK KIES?

Instelling	Wie kan kyk?	Gebruik ek dit?
Public	Die hele wêreld	**Nee** — enigiemand op die internet kan dit vind.
Unlisted ✓	Slegs mense met die skakel	**Ja — dit is wat jy wil hê.** Slegs die beoordelaars kan kyk.
Private	Niemand (slegs jy)	**Nee** — die beoordelaars sal dit nie kan kyk nie.

BELANGRIKE HERINNERINGE

- ✓ Kies **UNLISTED** — nie Public nie, nie Private nie.
- ✓ Stuur die **SKAKEL** in via jou unieke epos-skakel — nie die video-lêer self nie.
- ✓ Klik self op die skakel om te bevestig dit werk voor jy dit instuur.
- ✓ Kyk op die KANSVATTER-webtuiste vir jou provinsie se spesifieke sperdatums.
- ✓ Elke item waarvoor jou kind ingeskryf is, het sy eie unieke epos-skakel.

Hulp nodig?
Moenie stres nie! Stuur ’n WhatsApp-boodskap aan Petrus Jacobs:
082 822 5233 · motivation@champ7.co.za